COMF/0020, 78

NATIONAL CONFERENCE ON LAND REFORM AND THE LAND QUESTION TO BE HELD IN THE SWAWEK-HALL, WINDHOEK FROM TUESDAY, 25th JUNE TO 1st JULY 1991

---

INSETTE VAN DIE ISAAKSTAMRAAD: BERSEBA NA DIE LANDHERVORMINGS-KONFERENSIE:

A INLEIDING:

Geagte meneer die voorsitter, al die hooggeplaasde amptenare van die regering, al die eregaste en al die deligasies na die Landhervormingskonferensie.

Ons is baie bly vir hierdie geleentheid en hoop dat ons beskeie insette in hierdie konferensie sal bydra tot 'n ware en regverdige oplossing waarvoor hierdie konferensie byeen is.

B AGTERGROND:

Die Berseba-gebied wat hier verteenwoordig word, is die grondgebied wat in die 19de-eeu deur die /Hai-/khaua of die Bersebaners geruil is van Kaptein //Oaseb van Hoachanas-stam en word deur die stam as hulle regmatige eiendom beskou.
Daarom kan met gesag gesê word dat die kolonialemagte erkenning aan hierdie reg gegee het tot en met 1975, waar hierdie reg deur proklamasie 160 van 1975 verander is. Die ontneming van hierdie eiendomsreg is 'n onversoenbare verlies vir die stam wie se voorvaders hierdie grond moes ruil. 'n Beskermingsverdrag is gesluit met die destydse Duitse Kolianale Ryk, en die Volkere Bond het daarinvolgens in 1920 gehandel, om hierdie reg gestand te hou. (Sien uittreksel aangeheg) Die /Hai-/khaus het ook geen oorloë op sy grondgebied geveg om hierdie reg te verbeur nie.

Namibië wat 'n mandaatgebied was is nou onafhanklik en ons glo dat hierdie verlore reg in ere herstel sal word, in lyn met die bepalings van die Namibiese Grondwet, wat waarborg dat eiendomsreg van almal in die land beskerm moet word. Anders kan die doelwit van die grondwet nie in letter en gees verwesenlik kan word nie.

Die Berseba-grond is vandag nie meer by die oorspronklike grense soos dit geruil is nie, te wyte aan die wederregtelike handelinge aan die kant van sommige Kapteins en die Koloniale regerings wat sekere gronde vervreem het.

2/....

C OMSKRYWING VAN DIE GEBIED:

Die gebied is bekend vir sy vlaktes, heuwels, rande, koppies en die Brukkaroesberg wat as 'n simbool bo die koppies uittroon. Daar is verskeie sandriviere waarvan die Visrivier die vernaamste is. Al die riviere is nie standhoudend nie en loop slegs na swaar reëns in gelukkiger jare. Dit is 'n lae reënvalstreek met kort reëns in gelukkiger jare. Dit is 'n lae reënvalstreek met kort reënseisoen en somer en droë koue winter. Die reënvalsyfers is wisselvallig en die streek word gedurig deur ontsaglike droogtes geteister, asgevolg van koue seestroom langs die weskus.

D AKTIWITEITE:

Hierdie streek word hoofsaaklik bewoon deur namaboere wat bestaansboerdery beoefen, met kleinvee en beperkte mate van grootvee. Daar is geen akkerbou of enige industriële bedryf of tuisnywerhede wat inkomste genereer nie, dit wil sê die inwoners is hoofsaaklik afhanklik van hulle inkomste net uit die boerdery produkte.

E PROBLEME

Die gebied is oor die jare heen deur onoordeelkundige boerdery- en beweidings metodes uitgetrap. Daar is geen bodembewarings aangepak nie en erosie het die grond verarm. Die feit dat die grond oop is sonder enige omheinings en nie in ekonomiese eenhede ingedeel is nie, maak dit onmoontlik om wisselweiding en effektiewe weiding beheer toe te pas. Die getal bestaansboere neem toe omdat daar vir hulle geen alternatiewe werksgeleenthede beskikbaar is nie. Die onbeperkte aantal boere wat by die dag toeneem, onbeperkte veegetalle, te min waterbronne naas die kundigheid wat ontbreek maak die opgradering van die weiding asook die vee onmoontlik. Die feit dat dit 'n lae reënval streek is en daar te min gronddamme is, lei tot uitputting van die ondergrondse waterbronne. Die afwesigheid van voldoende infrastruktuur maak die effektiewe grond beheer onmoontlik.

F MOONTLIKE WEE VAN OPLOSSING:

1) Dat gedeeltes van die gemeenskaplike grond aangrensend aan die bestaande aangekoopte plase (Odendaalplase) asook teenaan die

grense van die gebied in eenhede afgekamp word vir vestiging van aantal boere met beperkte getal vee in verhouding met die drakrag van die grond, en voldoende waterpunte.

2) Dat die beheer van die eenhede deur die Stamowerheid in samewerking met die Landboukundige instansies van die regering behartig moet word, vir die opgradering van veekuddes en beheer van veesiekte ens.

3) Dat die regering moet onderhandel met die aangrensende kommersiële boere om grond te bekom waarop sterker boere in kommunale-gebied wat kwalifiseer vir kommersiële boerdery gevestig kan word, met die opsie om hierdie grond te koop.

4) Dat die regering die moontlikheid ondersoek om sagte lenings (Lae rente lenings) aan boere beskikbaar te stel om plase aan te koop.

5) Dat die regering alternatiewe werksgeleenthede moet skep om kleinboere (Beginners) en diê wat nie kan boer nie te kan akkommodeer.

6) Dat die regering markte moet soek wat die boerdery bedryf lonend kan maak.

7) Dat persone in profesies ontmoedig word om in kommunalegiebede te boer om sodoende die bestaansboer in die kommunale gebied te beskerm.

8) Dat die regering leefbare lone en infrastruktuur vir die tradisionele amptenare moet skep om hulle in staat te stel om hulle pligte met nodige toewyding effektief na te kom. Tans moet die tradisionele amptenare al die onkostes verbonde aan hulle pligte uit hulle eie sak dra terwyl hulle salarisse amper net 'n dag se loon werd is.

G <u>AFSLUITING:</u>

Ons benadering van hierdie konferensie is dat die regering nie daarop uit is om almal in hierdie land grondbesitters te maak vir boerdery/landbou grond nie, maar om konstruktiewe wee te vind om die beskikbare grond optimal te benut sodat elke deel daarvan sosio-ekonomiese voordeel vir elke inwoner moet inhou, so ook om die kwessie van onbutte grond aan te spreek.

Die realiteit waarmee rekening gehou moet word is dat die grond nie groei nie terwyl die mense en belangstellende boere daagliks toeneem asgevolg van ekonomiese druk en toenemende werkloosheid.

Ons hoop dat ons beskeie insette asook dîe van die ander deligasies tot bevredigende en noemswaardige oplossings van die grondkwessie sal lei of tot 'n basis van toekomstige oplossings sal kan bydra.

Wette van Berseba-Gebied, uiteengelê, soos bevestig in Ooreenkoms A/4926/7-May 1922, van die General-Resolution 1568 (xv en 1596 (xv)........................................

In die eksemplaar Komitee van Ou Volkerebond, in die Laerhuis van Brittanje, onder voorsitterskap van Mr. H.M.Basner.

Die gebied Berseba is die eiendom van die Inboorlinge, en hulle het die volste seggenskap in die gebied met 'n noue samewerking met die Mandaathouer.

Soos in die ooreenkoms (413 Ord: 5)

Het die Hoof finale sê in die gebied, op verwysende en bekragtig in die jaar 1922, 9 May, in (Art.631-174)

Welsynsbeampte of Enige Adm. Ampsdraer van geen krag om op Berseba te stasioneer verwysende na die Mandaat ooreenkoms 1920, 17 December Handves (Art. 19-31)
Die aanstellende Hoof en sy ampsdraers moet kwartaalliks verslag aan die Landdros van die stedelike gebied doen, wat op sy beurt die gebied-verslag aan die H.N.K. oordra en die H.N.K. aan die Parlement, Siding Pretoria, soos vasgestel en bekragtig in (Ord: 4-5) en vervang met (413- Ord: 5)
Die uitvoer moet eers deur 'n deeglike oorweging van die U.K. beslis word, die Hoof as die voorsitter van die U.K.

Op weiering van die Hoof en volk het die Mandaathouer geen krag om in te meng; soos besluit en bekragtig in (Art.631-174) en verbind in (Art. 930-76)

Soos van krag A/c 5859,
Het die Inboorlinge die grootste seggenskap in die Internesake van die gebied, soos bepaal in Mandaat-stelsel (Art.12E/18c) Die Hoof het die erken reg soos besluit en vasgestel in die jaar 1921-17-August; om een of twee keer met die Administrateur in aanraking te kom om sake te bespreek. Dit geld by al die Administrasie Amptenare. Die Magistraat en Administrasie hoofde en beamptes het dus die selfde reg om die gebied met vergaderings binne te gaan volgens Mandaat ooreenkoms 1920-17-Des.

Die Finansiële stand is verwys na Minister van Finansies, vinde in boek "New Harthindy". Eight-Thirty, See Official Record of General Assembly Fifteenth Session,

Supplement No.12 (A/4464) paras 444 and 453